

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-2:2, 3 (27:2, 3)**

- 2 Hy wat deur die Gees ontvang is / – die geheimenis is groot! –  
en gebore is uit Maria, / uit die maagdelike skoot.  
Wat gely het toe Pilatus / onregsvonnig het gevel –  
kruis en doodsmart ondergaan het, / al die angste van die hel.
- 3 Wat die derde dag verrys het, / daar die dood Hom nie kon hou;  
na die hemel opgevaar het / deur die diep, onpeilb're blou.  
Wat nou sit, met eer en sterkte / aan Gods regterhand omgeef,  
tot Hy weerkom as die regter / van wat dood is en wat leef.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 105:1, 2 (p. 514)**

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,  
en bring sover daar volke is, / sy dae in gedagtenis;  
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;  
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam  
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.

## **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

Wet

## **Psalm 119:1, 3 (p. 585)**

- 1 Salig wie in hul opregtheid / wandel in die HEER se wet,  
wie Hom soek van ganser harte / en op sy getuig'nis let.  
Salig dié wat in hul wandel / nie op onregspaaie gaan,  
maar wil wandel op die weë / in Gods wet vir hul gebaan.
- 3 As ek, HEER, u wet wat billik, / reg en waar is, maar kan leer,  
dan word U van ganser harte / en opreg deur my geëer.  
Ja, ek loof U, want regverdig / is u regte, woord en daad.  
Wil dan nimmer my verlaat nie / wat u wet nie wil verlaat.

Gebed

## **Skrifberyming 17-2:1, 2, 3, 4**

- 1 Ek loof U, Vader, groot van mag, / dat U die dinge, diep en swaar,  
vir wêreldwyse onbekend, / aan kindertjies wou openbaar.
- 2 Ja, Vader, dis u guns alleen, / die guns van al wat dwang is, vry,  
waardeer ook alle dinge saam / al oorgelewer is aan My.
- 3 Wie kan die Seun ooit ken, as net / die Vader, met Hom wesens-een?  
of wie die ewige Vader ken, / as net die Seun, net Hy alleen?
- 4 Wie kan die ewige Wese ken, / so diep en ontoeganklik klaar?...  
Alleen die mens aan wie die Seun, / die heilgeheim wil openbaar.

**Skriflesing:** Filippense 2:5-11; Hebreërs 4:14-16; Heidelbergse Kategismus, Sondag 14

**Kernvers:** Filippense 2:6-7

**Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.**

(Filippense 2:6-7 AFR83)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 35

**Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria?**

*Antwoord:*

*Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is (a) en bly (b), die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria (c) deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het (d). So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid (e), in alles aan sy broers gelyk (f), behalwe die sonde (g).*

*(a) 1 Joh 5:20; Joh 1:1; 17:3; Rom 1:3; Kol 1:15. (b) Rom 9:5. (c) Gal 4:4; Luk 1:31, 42, 43. (d) Matt 1:20; Luk 1:35. (e) Rom 1:3; Ps 132:11; 2 Sam 7:12; Luk 1:32; Hand 2:30. (f) Fil 2:7; Hen 2:14, 17. (g) Heb 4:15.*

### Vraag 36

**Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?**

*Antwoord:*

*Dat Hy ons Middelaar is (a) en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek (b).*

*(a) Heb 7:26, 27. (b) 1 Pet 1:18, 19; 3:18; 1 Kor 1:30, 31; Rom 8:3, 4; Jes 53:11; Ps 32:1.*

**Tema:** Ter wille van ons het die Seun van God mens geword

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer die Here ons God die mens herskep, maak Hy dit duidelik dat die mens uit homself nie in staat is om homself te herskep en 'n nuwe lewe te lei nie. Reeds by die sondeval belowe God dat die vrou se nageslag die slang se kop sal vermorsel. Maar Eva is onmagtig om self so 'n nageslag uit haarself voort te bring. Al Eva se kinders deur die eeue heen het nie die slang se kop vermorsel nie maar juis sy heerskappy bevestig. God belowe aan Abraham dat al die nasies in hom geseënd sal wees, maar Sara is onvrugbaar tot in haar negentigste jaar. Isak en Rebekka het vyftien jaar gewag voordat daar 'n nageslag vir hulle gebore is. En hulle nageslagte het nie een die slang se kop vermorsel nie maar juis sy heerskappy oor hulle bevestig. Voorwaar, die mens kan uit homself nie 'n nuwe lewe bewerkstellig nie, want geeneen kan 'n nageslag voortbring wat die slang se kop vermorsel nie.

Wanneer 'n mens die mensdom van die begin af so in oënskou neem, is dit te verstane dat Job in 'n stadium moedeloos kon sê:

**As daar maar iemand was wat in die saak tussen ons kon oordeel, wat oor ons albei onpartydig kon regsprek, as daar maar iemand was wat God se straf van my kon wegneem, sodat sy verskrikking my nie skielik oorval nie, dan sou ek sonder vrees kon praat. Maar soos sake nou met my staan, kan ek nie .**

(Job 9:33-35 AFR83)

Die belofte dat die nageslag van die Eva die slang se kop sal vermorsel – so het dit duidelik geword deur die eeue van die menslike lewe – het nie en kon nie bewaarheid word deur die normale geboortes nie. Trouens, wat uit die mens kom is mens. Die

nageslag is net so ellendig en vol sonde soos die voorgeslag. Eintlik is dit nog erger. As 'n mens die wêreldgeskiedenis bekyk, is dit eerder dat die mens in sy boosheid en sonde toeneem. God se belofte van so 'n nageslag uit Eva se kinders sal op 'n ander manier waar moet word.

Geliefdes, as God 'n belofte maak, kan ons maar weet dat Hy dit beslis waar sal maak. Hy bly getrou aan sy woord. Vir die mens is dit onmoontlik om self so 'n nageslag voort te bring, maar vir God is niks onmoontlik nie. Hy is immers die almagtige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Nog voor die skepping het God geweet dat die herskepping van die mens nie deur die mens self bewerk sal kan word nie. Hy wat God is, sal dit doen, want as die mens eers in die sonde geval het, is hy tot in sy diepste wese bederf sodat niks goeds uit hom sal kan voortkom nie. Daarom het die ewige Seun van God reeds voor die skepping teenoor die Vader en die Heilige Gees Homself bereid verklaar om die herskeppingswerk te kom doen (1 Pet 1:20).

Om die herskeppingswerk te doen, was dit egter nodig dat die ewige Seun van God mens moes word. Die Seun van God wat self ware en ewige God is en bly, het mens geword. Vir ons is dit 'n ondeurgrondelike geheimenis. Die mens kan bloot met sy verstand nie verstaan hoe dit moontlik is dat die Verlosser terselfdertyd Seun van God, dit is ware God, en afstammeling van Dawid, dit is ware mens, kan wees nie. Daarom sê Paulus:

**En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees.** (1 Timoteus 3:16 AFR53)

As ons ewige en barmhartige God hierdie geheimenis nie self aan ons geopenbaar het nie, sou ons dit nooit geweet het of kon glo nie.

Nou het God hierdie geheimenis juis aan ons geopenbaar sodat ons kan glo dat sy ewige Seun, wat ware God is en bly, 'n ware mens geword het. En hierdie openbaring is nie net vir intelligente mense gegee nie, maar vir elkeen van God se kinders sodat hulle daardeur getroos kan word in hierdie lewe en in die lewe hierna. In Sondag 14 gaan ons by twee sake stilstaan, naamlik die menswording van Christus en die betekenis daarvan.

Die hoofsaak wat ons in antwoord 35 bely, is dit: **Die ewige Seun van God het die ware menslike natuur aangeneem.** Die woord *aangeneem* is van deurslaggewende belang om die menswording van Christus te begryp en te glo. Wat ons in antwoord 35 bely, kom uit Paulus se prediking in Filippense 2:

**Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.** (Filippense 2:6-7 AFR83).

Die Seun van God is van ewigheid af God. Hy was in die gestalte van God, want Hyself is God, saam met sy Vader en die Heilige Gees. Hy is egter nie net van ewigheid af God nie, Hy is ook tot in ewigheid God. Die Seun kan en sal nooit ophou om God te wees nie. Daarom het die Seun ook nie nodig om aan sy Godheid vas te klem asof dit van Hom af weggeneem kan word nie. As die Goddelike natuur van die Seun af weggeneem kon word, sou Hy nie self God kan wees nie. Maar in sy wese is die Seun God. Daarom bely ons: Hy is ware God en Hy bly ook ware God. Hy hou nooit op om God te wees nie.

Hierdie dinge is vir ons moeilik om te begryp, maar kom ons probeer dit met 'n beeld duideliker maak. Iemand, kom ons noem hom Jan, is 'n man met 'n hoë IK en hy het die eienskappe om 'n groot firma te bestuur, wat hy ook doen. Maar toe gebeur daar iets onverklaarbaar eendag en hy word 'n boemelaar. Hierdie boemelaar se naam is nog steeds Jan en hy het nog steeds 'n hoë IK en beskik steeds oor die eienskappe om 'n groot firma te bestuur, maar hy wil dit nie meer doen nie. In sy wese is Jan, die boemelaar, steeds dieselfde mens as Jan die bestuurder van 'n firma.

Toe die Seun van God mens geword het, het Hy nie opgehou om God te wees nie, want Hy is in sy wese waarlik God en Hy bly dit tot in alle ewigheid. Hy het nie nodig om aan sy Goddelike natuur vas te klem asof dit van Hom af weggevat kan word nie.

Maar van ewigheid af was Hy bereid om Homself te verneder. En op die bestemde tyd het Hy dit ook gedoen. Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. Aangesien Hy van ewigheid tot ewigheid God is en bly, het Hy net die gestalte van 'n slaaf aangeneem. Hy het die ware menslike natuur by sy Goddelike natuur aangeneem sodat Hy Seun van God, dit is ware God, en tegelykertyd afstammeling van Dawid, dit is ware mens, kan wees.

Hierdie menswording van die Seun van God het wel beteken dat Hy die heerlikheid wat Hy by die Vader in die hemel gehad het tydelik afgelê het en die eerlose kleed van 'n mens aangeneem het. Deur die werking van die Heilige Gees het die maagd Maria swanger geword. En van daardie heel eerste oomblik van bevrugting af was die Seun van God binne-in Maria en besig om die ware menslike natuur in haar aan te neem. Dit het Hy gedoen om na die volle tyd van swangerskap uit Maria gebore te word as Jesus Christus – 'n klein babatjie wat neergelê moes word, wat moes tande kry, leer loop en leer praat soos alle mense. Hy, die Seun van God, het regtig uit Maria die egte menslike natuur aangeneem.

Alleen as ons daaraan vashou dat Jesus Christus ware God was en dit ook in sy menswording gebly het, kan ons verstaan dat Hy ook self meegewerk het aan sy menswording. Dat Hyself besluit het om mens te word en Homself verneder het, getuig van sy oneindige liefde vir ons. Terwyl ons gebore is sonder ons keuse of toedoen, was sy geboorte 'n welbewuste keuse, 'n daad van onmeetlike liefde vir ons. Christus was dus ter wille van ons besig met die herskeppingswerk – nie net aan die einde van sy lewe op aarde nie, maar reeds heel aan die begin daarvan, ja, selfs voor sy geboorte as mens. Sy lê in die krip was dus net so 'n groot liefdesdaad as sy hang aan die kruis. Betlehem en Golgota is albei altare waarop Hy Homself vir ons aan God geoffer het.

Broers, susters en kinders, dat die ewige Seun van God mens geword het, is nie maar net iets wat ons moet weet sodat ons diegene wat katkisasie onderrig gee tevrede kan stel met ons antwoorde en om belydenis van geloof te doen nie. Die Seun van God se selfopoffering om mens te word, getuig van sy liefde vir ons. Hy het geweet toe Hy ons menslike natuur aangeneem het dat dit 'n brose en sterflike natuur is. Hy het ook geweet dat Hy aan die liggaam bitter moes ly vir sy Vader se uitverkore kinders. Tog was Hy bereid om dit te doen uit liefde vir ons. As Hy sou geweier het om dit te doen, was ons almal verlore.

Verder is dit belangrik om daarop te let dat Hy ons menslike natuur nie half-half aangeneem het nie. Nee, Hy het aan mense volkome gelyk geword in alles behalwe die sonde. Geen deel van 'n mens se lewe was vir Hom vreemd nie en Hy het Homself ook nie van enige deel van die menslike lewe uitgesluit nie. Ons het reeds opgemerk dat Hy as

klein babatjie ook moes tande kry, Hy moes leer praat, leer loop. Hy het ook geweet wat is honger, dors, pyn en eensaamheid. Hy het dit alles self beleef. Daarom kan Hy vir ons 'n volkome Verlosser wees. Hy kan ons wat versoek word help, want Hy is self versoek en het gely. Hy weet wat dit is om 'n swakke mens te wees. Daarom het Hy medelye met ons swakhede. Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoekings onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Hy is 'n egte mens maar ook 'n regverdige mens wat geen sonde het nie sodat Hy ons van ons sondes kan verlos en die skuld by God kan betaal.

'n Mens wat sonde het, wat self skuld het, kan nie vir 'n ander sondaar betaal nie. Iemand wat bankrot is, kan nie 'n ander een van bankrotskap red nie. Jesus Christus is die enigste egte Mens wat sonder sondeskuld is en tegelykertyd ware God wat vir ons die skuld ten volle kon betaal.

Dit is alles nou goed en wel as ons weet dat die ewige Seun van God die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van Maria aangeneem het om as ons Verlosser gebore te word. Maar wat beteken die heilige en ontvangenis en geboorte van Christus vir ons? Op hierdie vraag antwoord ons kort en kragtig. Dit beteken vir ons **dat Hy ons Middelaar is.**

Reeds in Sondag 5 is daar vir ons gevra hoe 'n middelaar en verlosser ons nodig het. Toe het ons geantwoord dat Hy 'n ware en 'n regverdige mens moet wees maar tegelykertyd moet Hy ook God wees. Hoewel ons reeds in Sondag 6 bely het dat ons Here Jesus Christus hierdie Verlosser is wat ons nodig het, bely ons nou eers hier in Sondag 14 hoekom Hy ons Verlosser is wat ons nodig het. Hy beantwoord aan al die vereistes vir 'n middelaar en 'n verlosser. Hy is die ewige Seun van God wat ware God is en bly. En Hy het die ware menslike natuur aangeneem deur die werking van die Heilige Gees om as 'n egte en 'n regverdige mens gebore te word en te leef.

Tog, geliefdes, as ons maar net vir ander mense sou sê dat Christus se heilige ontvangenis en geboorte vir ons beteken dat Hy ons Middelaar is, gaan hulle nog nie mooi verstaan nie. Daarom sê ons verder nog duideliker wat Christus se menswording vir ons beteken. **Met sy onskuld en volkome heiligheid bedek Hy my sonde waarin ek ontvang en gebore is voor God.**

Ons sonde en ellende het nie eers begin die dag toe ons begin praat of self dinge kon doen nie. Sonde oorval 'n mens nie skielik op 'n dag nadat jy gebore is nie. Ons word met 'n sondige geaardheid gebore. Daarom bely ons dat ons in sonde ontvang en gebore is. Van die oomblik dat bevrugting plaasgevind het, is die sondige geaardheid in daardie mensie teenwoordig wat nog aan die groei is. En ons behou hierdie sondige geaardheid tot die dag dat ons sterf.

Daarom was dit vir die Seun van God nodig om as die klein babatjie Jesus gebore te word sodat Hy ons volkome Verlosser kan wees. Hy moes nie net die sonde wat ons van drie jaar oud, of die sonde wat ons eers as volwasse mense gedoen het, kom verlos nie. Hy moet ons ook verlos van die sonde waarin ons ontvang en gebore is.

En juis dit doen Jesus Christus deur sy heilige ontvangenis en geboorte. Sy onskuld en volkome heiligheid – wat strek van sy ontvangenis en geboorte af tot by sy dood – word ons toegereken. Van die oomblik af toe Maria swanger geword het, was die mens Jesus Christus sonder sonde en volkome heilig. En so het Hy as onskuldige en volkome heilige mens sy lewe lank geleef tot in die dood. Nou sprei ons Here Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees sy onskuldige en volkome heilige lewe oor ons uit sodat ons hele lewe – van die oomblik af toe ons moeders met ons swanger geword het tot die dag

dat ons sterf – voor God bedek sal wees.

Die Heilige Gees bind ons deur die geloof so in Christus Jesus in dat ons voor God die Vader kan verskyn asof ons nooit enige sonde gehad of gedoen het nie. Jesus Christus bedek ons hele lewe so volkome met sy hele lewe dat God van al ons sondes en ons sondige geaardheid vergeet en nooit meer daaraan wil dink nie.

Geliefdes, die ewige Seun van God het sy onmeetlike liefde aan ons betoon toe Hy Homself verneder het om ook ons swakke menslike natuur aan te neem sodat Hy vir ons 'n volkome Verlosser kan wees. Hy het in alles aan ons gelyk geword, behalwe die sonde, sodat Hy vir ons 'n Middelaar kan wees. Het jy Hom vir hierdie herskeppingswerk lief? Getuig jou hele lewe daarvan dat jy Hom liefhet? Loof en dank jy die Vader dat die Heilige Gees jou hele lewe met sy Seun se volkome, heilige lewe bedek?

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 14-1:1, 3

- 1 Waak, Christen, staan in die geloof / dat niemand jou die kroon ontroof!  
Wees wys en dapper, sterk en moedig, / – steeds toegewy aan God se werk,  
standvastig, onbeweeglik, sterk, / vol ywer, altyd meer oorvloedig –  
dan sal jou arbeid in die Heer / tot seën wees, sy Naam ter eer!
  
- 3 Beoefen die godvrugtigheid / en wees jou medemens altyd  
tot voorbeeld in jou lewenswandel. / Jy moet uit liefde teenoor God,  
in opdrag van die groot gebod, / uit liefde tot die naaste handel.  
O God, staan met u Gees ons by / sodat u liefde in ons bly.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
12 Januarie 2014